

SONDAG 38

VRAAG EN ANTWOORD:103

| | Teks | 1933/53-vertaling | 1983/91-vertaling |
|---|------|---|---|
| Vraag: Wat gebied God in die vierde gebod? | | | |
| <p>Antwoord: God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die godsdiensoonderrig in stand gehou word.</p> | 1 | <p>1 Korintiërs 9:13-14</p> <p>Weet julle nie dat die wat met die heilige dinge werk, uit die heiligdom eet nie; en dat die wat by die altaar besig is, met die altaar deel nie? So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe.</p> | <p>Weet julle nie dat dié wat tempeldiens verrig, uit die tempel lewe, en dat dié wat die altaar bedien, uit die offers hulle deel ontvang nie? So het die Here ook bepaal dat dié wat die evangelie verkondig, hulle lewensonderhoud uit die verkondiging van die evangelie moet ontvang.</p> |
| | | <p>2 Timoteus 2:2</p> <p>en wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer.</p> | <p>Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer.</p> |
| | | <p>2 Timoteus 3:14-15</p> <p>Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus.</p> | <p>Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus.</p> |
| | | <p>Titus 1:5</p> <p>Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het -</p> | <p>Ek het jou op Kreta agtergelaat met die bedoeling dat jy die dinge wat nog gereël moes word, in orde moet bring en dat jy in elke dorp ouderlinge moet aanstel soos ek dit aan jou opgedra het.</p> |
| <p>Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom</p> | 2 | <p>Levitikus 23:2-3</p> <p>Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is my feestye. Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus, 'n heilige vierdag; géén werk mag julle doen nie dit is 'n sabbat van die HERE in al julle woonplekke.</p> | <p>"Sê vir die Israeliete: Die feeste wat julle tot my eer moet vier, moet gewyde byeenkomste wees. Die volgende is my feeste: "Ses dae moet julle werk, maar die sewende dag is 'n rusdag, 'n sabbat waarop julle 'n gewyde byeenkoms moet hou. Dan mag julle geen werk doen nie. Julle moet die sabbat aan die Here wy, waar julle ook al woon.</p> |
| | | <p>Psalms 40:10-11</p> <p>Ek het 'n blye boodskap van geregtigheid in die groot vergadering verkondig; kyk, my lippe bedwing ek nie. HERE, U weet dit. U geregtigheid bedek ek nie binne-in my hart nie; van u trou en u heil spreek ek; u goedertierenheid en u trou verberg ek nie vir die groot vergadering nie.</p> | <p>Met blydskap het ek aan die gemeente vertel U het my verlos. Ek het nie stilgebly nie, Here, U weet dit! Dat U verlos, het ek nie vir myself gehou nie, ek het gepraat oor u trou en u hulp. Oor u goedheid en u trou het ek in die gemeente nie stilgebly nie.</p> |
| | | <p>Psalms 68:27</p> <p>Loof God, die Here, in die vergaderinge, julle wat is uit die fontein van Israel!</p> | <p>Hulle loof God in kore, die nasate van Israel loof die Here.</p> |

| | | | | |
|-------------------------------|---|--------------------|---|--|
| | | Psalm 122:1 | 'n Bedevaartslid. Van Dawid. Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die HERE gaan! | 'n Pelgrimslied. Van Dawid. Ek was bly toe hulle vir my gesê het: "Kom ons gaan na die huis van die Here toe." |
| | | Handelinge 2:42 | En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede. | Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede. |
| om die Woord van God te hoor, | 3 | 1 Korintiërs 14:1 | Jaag die liefde na, en beywer julle met die oog op die geestelike gawes, maar veral om te profeteer. | Julle moet die liefde nastreef. Lê julle toe op die gawes van die Gees, maar veral daarop om te profeteer. |
| | | 1 Korintiërs 14:3 | Maar hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting en troos en bemoediging. | Iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat woorde wat geestelik opbou en bemoedig en vertroos. |
| | | 1 Korintiërs 14:29 | Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel. | Wat die profete betref, twee of drie kan aan die woord kom, en die ander moet beoordeel wat hulle sê. |
| | | 1 Timoteus 4:13 | Totdat ek kom, moet jy aanhou met voorlesing, vermaning en lering. | Totdat ek kom, moet jy jou daarop toelê om uit die Skrif voor te lees, te preek en onderrig te gee. |
| | | Openbaring 1:3 | Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby. | Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby. |
| die sakramente te gebruik, | 4 | Handelinge 20:7 | En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegesprek, omdat hy die volgende dag sou vertrek en hy het sy rede gerek tot middernag toe. | Ons het die Sondag bymekaargekom vir die gemeenskaplike maaltyd. Paulus het die gelowiges toegesprek, en aangesien hy die volgende dag sou vertrek, het hy tot middernag aangehou. |
| | | 1 Korintiërs 11:33 | Daarom, my broeders, as julle saamkom om te eet, wag vir mekaar; | Daarom, my broers, as julle saamkom om die nagmaal te vier, wag vir mekaar. |
| die Here openlik aan te roep | 5 | 1 Korintiërs 14:16 | Anders, as jy met die gees dank, hoe sal hy wat die plek van 'n onkundige inneem, amen sê op jou danksegging, aangesien hy nie weet wat jy sê nie? | Anders, as jy met die gees 'n dankgebed doen, hoe sal 'n gewone mens wat daar teenwoordig is, op jou dankgebed "Amen" kan sê? Hy verstaan mos nie wat jy sê nie. |
| | | 1 Timoteus 2:1-4 | In die eerste plek vermaan ek dan dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid. Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. | Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. |

| | | | | |
|---|---|---------------------|---|--|
| en die Christelike liefdegawes te gee. | 6 | Deuteronomium 15:11 | Want die arme sal in die land nie ontbreek nie; daarom gee ek jou bevel en sê: Jy moet jou hand wyd oopmaak vir jou broer, vir die ellendige en die arme in jou land. | Daar sal altyd armes in jou land wees, en daarom het ek jou bevel om vrygewig te wees teenoor jou mede-Israeliet wat in nood is en arm is." |
| | | 1 Korintiërs 16:2 | Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insameling nie eers plaasvind as ek kom nie. | Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar, sodat die geldinsameling nie eers plaasvind as ek kom nie. |
| Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bouse werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe. | 7 | Jesaja 66:23 | En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE. | Elke nuwemaansfees en elke sabbat sal al wat leef, voor My in aanbidding kom buig, sê die Here. |
| | | Hebreërs 4:9-10 | Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. | Daar wag dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God, want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van Syne. |